# Bergsig Boodskap

durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

Januarie 2020

**VOORSPOEDIGE NUWE JAAR**

**5 Januarie 2020, DOOP EPIFANIE**

09:00 **Familiediens**
Ouditorium
*Ds. Philip Scholtz*

**Deuroffer: Borg-'n-Senior**

**12 Januarie 2020**

09:00 **Familiediens**
Ouditorium
*Ds. Philip Scholtz*

**Deuroffer: Borg-'n-Senior**

**19 Januarie 2020, Jaartema loodsing: #24/7 LEEF MET WAAGMOED**

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds. Johan Els*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Johan Els*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

**Deuroffer: Arbeidsbediening**

18:00 **@6 Diens**
*Arno Mattheus*




Bergsig se kalender vir 2020 bevat al die inligting om julle te help met die nodige beplanning vir die uitdagings wat die nuwe jaar vir ons inhou.

Al Bergsig se lidmate, kan met een oogopslag sien wat in die gemeente gaan gebeur in 2020 en waar hulle kan inskakel en betrokke raak vir 'n praktiese en meelewende jaar.

Bergsig se visie en missie word mooi verwoord en ons word herinner om ons kernwaardes uit te leef. Die kerkjaarkalender vir 2020 word ook baie mooi uitgebeeld met foto's en teksverse wat dit maklik maak om deur die jaar jou Christenskap saam met die gemeente uit te leef.

Lidmate van Durbanville-Bergsig, kry die kalender, lees die kalender, geniet die kalender en leef die kalender in 2020.

Ons plaas die jaar in God se hand en bid tot Hom vir WYSHEID - hoe ons die pad in 2020 moet loop as een kerk wat vir Hom lief is.

Peter Montgomery
Kerkraadvoorsitter




## Maand oorsig:

5 Jan: Doop, Epifanie
15 Jan: Skole Open
17 Jan: TGIF Manne afskop
Glow Kidz opleiding leiers
19 Jan: Jaartema loodsing
21 Jan: Doopkategese
26 Jan: Preekreeks #24/7
27 Jan: Biduur leierskap
28 Jan: Seniors Bybelstudie
28 Jan: Narratiewe Pastorale Kursus
29 Jan: Ringsontbyt
30 Jan: Seniors Opening



# Vanuit die Uitreikkantoor ...

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

### Durbanville Kinderhuis

Kontantvloei is die lewensbloed van 'n welsynsorganisasie soos Durbanville Kinderhuis. Tans ervaar ons groot finansiële uitdagings.

Ek neem die vrymoedigheid om jou ondersteuning te vra om 'n spesifieke kind te borg vir die duur van sy of haar verblyf by die Durbanville kinderhuis deur 'n maandelikse, jaarlikse of eenmalige bydrae van jou keuse te maak.

As 'n borg sal jy die geleentheid kry om 'n persoonlike verhouding met die betrokke kind te vorm, deur aan hom of haar te skryf. Jy sal terugvoering ontvang oor die kind se vordering en eerstehands ervaar dat jou bydrae ons kinders se lewens verbeter.

Jy sal ook erkenning ontvang op ons donateursbord en kwalifiseer vir n 18 A sertifikaat.

Op jou versoek sal ons ook u maandelikse aftrekorder, met onmiddellike effek, kanselleer.

Jou ondersteuning sal baie waardeer word.

Kontak Lizette by dch@durbanvillekinderhuis.org.za of 021 975 6822 vir meer inligting.

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

**ISRAEL PELGRIMSTOG met Ds. Philip**
**26 Maart - 5 April 2021**



**Dagboek nou reeds!**

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na:**

**071 529 9491**

### NUUT HIER?

Onseker hoe om in te skakel? Vul 'n kaartjie in by die Nuwe Lidmaat toonbank of gebruik die skakel:
**http://bit.ly/nuwelidmate**
of skandeer die QR kode
of

Tik dit in die "search bar" van enige "search engine" soos bv. Google. Dit sal jou na 'n vorm neem waar jou besonderhede ingevoeg kan word.
Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.

# ONS DAAGLIKSE BROOD

*"Om te gee, maak mens gelukkiger as om te ontvang"*

Koninkryksveldtog (Okt '19 - Febr '20)

| | |
|---|---|
| DOELWIT | R750 000 |
| INGESAMEL | R519 647 |
| BENODIG | R230 352 |

Kontant / Koevert / EFT / Debietorder / Zapper / Snapscan

**Algemene Sinode 2019**
**Selfdegeslagverhoudinge**

Tydens die Kerkraadsvergadering van 18 November 2019 is besluit dat die Kerkraad, in samewerking met Leer en Aktuele Sake, 'n proses gaan volg om die Algemene Sinode 2019 se besluit oor selfdegeslagverhoudinge te hanteer en dat ons die gemeente ingelig sal hou.

Die Kerkraad se besluit van 2015/2016 is steeds van krag en is op ons webruimte beskikbaar: www.bergsigdv.co.za - kyk by die skakel Algemeen en klik op Aktuele Sake.

**Peter Montgomery**
**Kerkraadsvoorsitter**
**Durbanville-Bergsig**

# KLEINGROEPE 2020



**Kleingroep LEIERS opleiding (hoe werk ons)**
**17 Jan 18:00 - 20:00**
**Fokus: Jaartema & leesmateriaal 2020**

**Word deel van 'n Kleingroep in 2020.**

Individue, egpare, gesinne, vriendegroepe ensovoorts, kan hier registreer om deel te word van 'n kleingroep by Durbanville-Bergsig NG Kerk. Die indeling sal vroeg in 2020 plaasvind.

Kliek op hierdie skakel of scan die QR code: http://bit.do/registreer

Registreer




## Plaasfees 2020: Terugvoer aan lidmate

Plaasfees komitee. Die Plaasfees komitee bestaan tans uit ongeveer 20 lede en verteenwoordig 12 portefeuljes soos; terrein, toegangsbeheer, kindervermaak, interne- en eksterne stalletjies, inligting, finansies, logistiek ens. Die Uitvoerende komitee bestaan uit, Pieter Henning, Ilse Fritz, Alida Vorster en Rita Louw.

Koördineerder vir 2020 is Ilse en Alida hanteer Bemarking en Kommunikasie

Agtergrond. Ons het reeds geruimte tyd al verneem van Diemersdal, dat vanaf 2021 die kerk nie meer Diemersdal kan benut as terrein vir die Plaasfees nie. Meerendal het ons vroeër vanjaar gekontak vir moontlike samewerking vorentoe. Ons het ander terreine begin besoek met die oog op 2021, Meerendal ingesluit.

Tydens 'n besoek aan Meerendal in November was ons verbaas om te verneem dat 14 Maart 2020 beskikbaar is. Meteens was 'n vroeër skuif 'n haalbare moontlikheid.

Hierna besoek ons die eienaars van Diemersdal en bespreek die moontlikheid van 'n skuif na Meerendal. As gashere en lidmate, was ons uiters sensitief om hierdie verhouding te bly koester in die toekoms. Die groep is met goeie wense vir die toekoms uiteen.

Na 'n besoek aan Meerendal op 19 November en 'n voorlopige begroting, besluit ons op Meerendal vir 14 Maart 2020 en tree weer in verbinding met die Louw familie van Diemersdal

Hierdie besluit staan op twee bene. 1. Strategies beteken dit ons kan 'n langtermyn verbintenis met Meerendal opbou. Wanneer die 14 Maart 2020 fees plaasvind doen ons dit met die gerustheid van toekomstige feeste. 2. Finansieel bied Meerendal die potensiaal om reeds van die eerste feesgeleentheid die Durbanville Plaasfees in 'n groei-fase in te neem.

Terrein. Die terrein is baie groot met oorgenoeg parkering. Die terrein is gelyk en gras is gevestig. Daar staan 'n permanente tentstruktuur van 60 meter lank en 30 meter breed, met hout vloer, ligte en kragpunte. Besoekers aan die terrein kan verdubbel (tans ± 6,500), maar ons maak gereed vir 8,500

Hoofborg. 'n Jong (sedert 2012) versekeringsmaatskappy, King Price, het die Plaasfees span enkele maande gelede genader en 'n borgskap aangebied. Hulle soek na 'n geleentheid soos die Plaasfees om 'n voetspoor in die Weskaap te vestig met 'n medium- na langtermyn horison.

Intussen het King Price hulle borgskap skriftelik bevestig. Hulle vervang Builders as hoofborg. Goeie nuus is dat Builders dit aanvaar en as sub-borg en uitstaller steeds betrokke wil bly.

Kommunikasie. Op 27 November word die gemeente se leierskap ingelig en Sondag 1 Desember loods Ilse die Plaasfees op Meerendal met 'n spreekbeurt en video.

Daar lê baie ure se werk voor om hierdie reuse projek nuut in te rig. Ons vra die voorbidding van elke lidmaat. Ook hierdie inkomste het Bergsig broodnodig. Saam diensbaar in 2020!!
In Sy diens: Pieter, Ilse, Alida, Rita







Stalletjie aansoeke sluit amper.
Doen elketronies aansoek so gou moontlik:
http://bit.do/plaasfees

# HET JY 'n PREEK GEMIS?

**Om te LUISTER / net audio:**

- Ons poog om alle preke op die **WEB** beskikbaar te stel vir lidmate om te luister. Met groot uitsondering ondervind ons soms tegniese probleme en is dit nie moontlik nie. Gaan luister gerus by www.bergsigdv.co.za by die skakel MEDIA/preke.

- Dit is ook op die **APP PODBEAN** beskikbaar om te luister.




**Om preke te kyk (lewendig of later):**
YouTube kanaal

## LIVESTREAMING VAN EREDIENSTE

Bergsig se preke word 10:00 Sondagoggende en 18:00 by die @6 Aanddiens lewendig uitgesaai. Dit beteken jy kyk na die preek op die tyd wat dit uitgesaai word via die internet. Terwyl hul preek is daar dus die hele tyd 'n kamera op hulle gerig wat die diens lewendig uitsaai op die internet.

Weg met vakansie, tuis siek of wat ook al en jy wil nie Bergsig se eredienste mis nie … skakel dan in via jou rekenaar, selfoon, tablet of "smart" TV met YouTube:

### OPSIE 1

1. MAAK DIE WEB OOP
2. TIK BY JOU SOEKENJIN IN:

**www.bergsigdv.co.za**
klik op die skakel **media/livestreaming**

3. Klik op die skakel in blou gemerk:

**Durbanville Bergsig Gemeente Sy ligdraers.**

4. Kies jou preek (lewendig / 1 uit argief)]

### OPSIE 2

1. MAAK DIE WEB OOP
2. TIK BY SOEKENJIN IN: **YOUTUBE**
3. TIK IN SOEKBLOKKIE BY YOUTUBE: **Durbanville-Bergsig Gemeente Sy ligdraers** en klik.
4. Kies jou preek (lewendig / 1 uit argief)

Onthou "livestreaming" / lewendig kyk, **gebruik data.**

# Ons is dankbaar vir ons leraars en Woordbedienaars!


Philip


Johan


Mizelle


Kobus

Bergsig is 'n makro-gemeente en dit is nie altyd moontlik vir die leraars om almal te ken nie, partykeer het hulle nog nie eers al die lidmate ontmoet nie.

Ds. Philip is gemoeid met geestelike versorging en ook uitreike.

Ds. Johan is gefokus op evangelisasie, kleingroepe, manne, en seniorjeug.

Ds. Mizelle fokus op gesinne, juniorjeug, vroue, enkellopendes en gebed.

Dr. Kobus de Jager hanteer die seniorbediening in die gemeente.

**Seniorjeug Bedienaar is:**

Arno Mattheus



**Juniorjeug Bedienaar is:**

Stephanie Steenkamp



**Vandag sê ons dankie, ons waardeer julle en jul families.**

**Dankie vir die opofferings!**

**Ons vra dat die gemeente vir die leraars en jeugbedienaars sal voorbidding doen.**

**MANS TGIF** 05:45 Vrydagoggende
Luister ook na getuienisse by www.tgifcape.co.za

## VROUEBEDIENING

**Navrae: Marelize Krige 083 352 5596**
Like DURBANVILLE-BERGSIG Vrouebediening se facebook blad

## NEHEMIA BYBELINSTITUUT

### In assosiasie met Bybel-Media

Hierdie is 'n deeltydse Teologiese en Praktiese Geestelike kursus (vir Christene van enige kerk) wat Donderdagaande 19:00-21:00 aangebied word by die NG Kerk Bellville-Uitsig - Mountain Viewrylaan (langs die besigheidsentrum).

Sewe leraars tree as gespesialiseerde dosente op.

Die kursus is akademies geakkrediteerd by die Teologiese fakulteit van die Universiteit van Pretoria - studente wat slaag (met inhandiging van werkstukke) kry dus 'n teologiese sertifikaat van die fakulteit. Die kursus bestaan uit twee gedeeltes: 1) Leierskapontwikkeling (een en 'n half jaar) 15 boekies & 2) Bedieningsontwikkeling (een en 'n half jaar) 15 boekies word bestudeer.

Die kursus begin die week van 16 Jan. op Donderdagaande 19:00 - 21:00. Koste baie billik R400 registrasie en R170 elke maand per boekie.

**Navrae: Prof Pieter Els**

**083 285 2617**

**pjels@iafrica.com**

**KURSUSSE WAT IN DURBANVILLE-BERGSIG AANGEBIED WORD. Pamflette beskikbaar in portaal**

## VERITAS

Gelowiges word gebombardeer met vrae en vertwyfelinge oor die Woord. Al manier om te onderskei tussen waarheid en valsheid is om die Woord te lees en te verstaan wat jy lees. Veritas kan jou hiermee help.
Veritas 1,2,3 en 4 word op Dinsdagoggende, Woensdagoggende en Woensdagaande aangebied. Hou die kalender dop vir spesifieke tye en datums.
**Dit skop af op 11 & 12 Februarie.**

## HUWELIKSVERRYKINGS-NAWEEK

Gedurende die naweek van **2 en 3 Oktober** gaan 'n huweliksverrykingskursus by Bergsig aangebied word.
***Effesiërs 5:21***
Omdat julle soveel respek vir Christus het, moet die een nie dink hy is beter of belangriker as die ander nie. Elkeen moet bereid wees om daar te wees vir die ander een.
(Geloof in Aksie Bybel)



## Versterk jou deur Christus

021 976 4106 x 106

021 976 9606

geestelikeversorging@bergsigdv.co.za

**STRAATADRES:**
H/v Boland- en Proteaweg, Durbanville, 7550
Posadres: Posbus 479, Durbanville, 7551
S33 48.966 E18 39.728

**WEB:**
**www.bergsigdv.co.za**

**FACEBOOK:**
**Durbanville-Bergsig Kerk - Sy ligdraers**

**YouTube:**
**Durbanville Bergsig Gemeente Sy Ligdraers**
**www.bergsigdv.podbean.com**

durbanville-bergsig
gemeente · sy ligdraers



**Versterk jou deur Christus**

# KURSUSSE

VERSTAAN JOUSELF EN DIE BYBEL BETER



## DIE BEVRYDINGSKURSUS

Beskerm jouself en jou gesin teen die aanslae van die Bose.
Eers as die Seun julle vrymaak, sal julle werklik vry wees.
***Johannes 8:36***
**Pieter en Helene Theron bied die Bevrydings-kursus aan vanaf 28-30 Augustus.**

## GAWES VAN DIE GEES

God het vir ons almal gawes ingebou toe Hy ons geskape het, dit sal nooit verander nie, jou gewaarwording van jou gawes, of die manier waarop jy dit gebruik, kan verander. Hoe meer jy jou Godgegewe gawes gebruik, hoe meer vreugde en vervulling sal jy beleef, nie net in jou diens aan die kerk nie, maar ook in jou verhoudings.
**Die kursus gaan aangebied word op Sondae: 10 Mei, 17 Mei, 31 Mei en 7 Junie om 17:45.**

## DIE CORAM DEO NARRATIEWE BERADINGS KURSUS

Die Coram Deo-kursus is 'n twee-jaar akademiese toerustingsgeleentheid in pastorale narratiewe terapie. Dit bied meer as net teoretiese kennis in pastorale terapie, dit waarborg ook persoonlike, emosionele- en geestelike groei. Die Coram Deo-kursus in pastorale narratiewe terapie, is 'n Tukkies geakkrediteerde sertifikaatkursus.
**Die kursus word oor 33 weke vanaf 28 Januarie tot 1 Desember op Dinsdagaande vanaf 18:30 – 21:00 aangebied.**



## IDENTITEIT IN CHRISTUS

God wil graag hê dat ons identiteit in Jesus gevestig sal wees, want dit is die enigste waarheid oor jou wat 'n ewigheid sal vasstaan. Daar gaan twee geleenthede wees om die vier weke kursus by te woon;
**Woensdagaande 8-29 April vanaf 18:30-20:00 en Vrydagoggende 8-29 Mei vanaf 9:00-11:30.**

## LUISTER MET VERWONDERING BERADINGSKURSUS

Hierdie kursus wil graag lidmate toerus om vir mekaar te sorg en na mekaar se verhale te luister. In die vertel van jou storie kan jy ontdek dat jy jou verhaal só kan herskryf dat jy God daarin ontmoet.
Die kursus gaan vanaf **9 Julie tot 8 Oktober oor 13 weke aangebied word op Donderdagaande van 18:00.**





Kinders wat Glo en Leef met Omgee in ons Wêreld

Glow Kidz is die kinderbediening van Bergsig - baba tot Gr. 6. Stephanie Steenkamp hanteer die bediening. As jy as leier wil help of wil registreer volg die inligting:

## HOE MAAK EK NOU?

**Vir registrasie van leiers vir 2020:**
http://bit.do/glowkidzleiers

**Vir registrasie van kinders vir 2020:**
http://bit.do/glowkidz

**Skakel na alle glowkidz videos:**
http://bit.do/glowkidzvideos

## GLOW KIDZ LEIERS OPLEIDING

Glowkidz leiers kom op 17 en 18 Januarie bymekaar om vere reg te skud vir 2020.

Ons gaan Vrydagaand 'n sessie hê oor jou persoonlikheid en gawes en hoe dit by kinderbediening inpas (as jy nog hieroor wonder MOET jy kom bywoon!).

Saterdagoggend gaan ons prakties kyk na hoe ons met die kinders werk: hoe gesels ons, hoe onderrig ons en al die moets en moenies om jou te beskerm – miskien 'n paar kinders ook ;)

Dis 'n geleentheid om ander in die kerk beter te leer ken en om jouself toe te rus om effektief te bedien. Indien jy nog wil deel raak van ons Glow Kidz bediening, kontak Stephanie by 0832787111. Dis nog nie te laat nie!!!




## BABA- EN KLEUTERFASILITEITE

Langs die damesbadkamer op-pad na die galery is 'n lokaal ingerig vir ouers met **babas tot een jaar**. Die erediens kan steeds gevolg word deur eenrigting-glas.

**Vir ons peuters (1-3 jaar)** het ons 'n speellokaal agter die verhoog van die ouditorium. Die lokaal is spesifiek ingerig vir peuters met ouderdomstoepaslike speelgoed en 'n familiebadkamer met 'n doekruilstasie (baba's is ook welkom daar). Die diens word uitgesaai na hierdie lokaal. Ouers kan ook van ons oppasdiens gedurende die klassieke en informele diens gebruik maak in die lokaal. Elke peuter sal 'n nommer ontvang sodat, indien nodig, 'n ouer gedurende die diens in kennis gestel kan word sou sy/haar kind hom/haar benodig. Oppassers is vrywilligers uit die gemeente wat op hierdie manier dien.

SCHOONGEZICHT
Kampterrein

## GEMEENTEKAMP 2020 Ceres

Skop die vakansie op 'n hoë noot af!

20 - 22 Maart 2020

Navrae: Jolene Schoeman
**083 444 3550**
**jolene@inboxme.biz**

Gewone karre kan maklik tot by kampterrein ry.
Jy hoef nie te 4x4 nie! Net die wat wil kan.

## 10X SENIOR KATEGESELEIERS GESOEK

**Bel Arno 072 955 0670**

scan to donate now — zapper donate with VISA and many more — www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 O18 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan — Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527